# K O S H U I S E

en die

# T R A N S V A A L S E S K O O L S T E L S E L.

o - o - o - o - o - o - o

VERHANDELING

ter verkryging van die Graad M. Educ. as gedeeltelike

vervulling van die vereistes vir die

M E E S T E R S G R A A D

onder die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

1954.

o - o - o - o - o - o - o

KANDIDAAT: J. J. FOURIE, B.Comm., B.Educ.

# V O O R W O O R D.

Koshuise dra vandag in Transvaal veel daartoe by om die masjinerie van ons onderwysstelsel glad te laat funksioneer. Vanaf 'n nietige onderdeeltjie van die groot masjien het dit ontwikkel tot 'n afdeling wat vandag onmisbaar is.

In hierdie werk word daar 'n histories-kritiese uiteensetting van die verskillende stadia van ontwikkeling gegee en aangetoon hoe die sentralisasiebeleid veel daartoe bygedra het om die omvang van die stelsel te vergroot. 'n Spesiale hoofstuk word gewy aan die organisasie en administrasie van die provinsiale koshuisstelsel.

Skrywer hiervan is besondere dank verskuldig aan al die persone wat meegehelp het om die materiaal, wat in hierdie verhandeling verwerk is, beskikbaar te stel. Veral word daar gedink aan die bibliotekarisse van die Transvaalse Onderwysdepartement, Unie Onderwys, P.U. vir C.H.O. en Staatsbiblioteek, asook die verskillende departementele amptenare, koshuis- en skoolinspekteurs, die koshuisadviseur en verskeie superintendente met wie onderhoude en briefwisseling gevoer is.

Verder my innige en opregte dank aan my promotor, prof. dr. H. J. J. Bingle vir sy bekwame en onmisbare leiding in die samestelling van hierdie werk, aan my vriend F. C. van Niekerk vir die taalkundige versorging en aan my vrou vir die daadwerklike aanmoediging en inspirasie wat ek van haar ontvang het.

J. J. Fourie.

Macdonaldstraat 21,
Ermelo.

# K O S H U I S E
# en die
# T R A N S V A A L S E  S K O O L S T E L S E L.

o - o - o - o - o

## I N H O U D S O P G A W E.

## I N L E I D I N G.

1. Bepaling van die onderwerp........................ 1
2. Doelstelling van ondersoek......................... 2
3. Metode van navorsing wat in hierdie studie toegepas word..................................... 3

---------------

## H O O F S T U K 1.

### KOSHUISE TYDENS DIE Z.A.R.-TYDPERK TOT 1899.

1. Aanvoorwerk vir die oprigting van koshuise tot 1881.......................................... 5
   a. Algemene onderwystoestande in Transvaal voor 1872.......................................... 5
   b. Onderwys onder president Burgers, 1872-1877; aanbevelings van die „Pretorian Committee"... 8
   c. Die Anneksasietydperk.......................... 10
      (i) Dr. J. Vacy Lyle as superintendent...... 10
      (ii) „Government Regulations regarding General Education in the Province of Transvaal - Published 1880"............. 11
2. Koshuise word in die lewe geroep: Die tydperk 1882 - 1899.......................................... 12
   a. Grondslag gelê en die moontlikheid geskep vir die oprigting van koshuise - Ds. S. J. du Toit as Superintendent......................... 12
   b. Koshuise word 'n werklikheid onder dr. N. Mansvelt........................................ 14
      (i) Eerste stappe gedoen ter verkryging van kosinrigtings........................ 14

(ii) Ontwikkeling van kosinrigtings in Pretoria........................... 18
(iii) Regulasies vir staatstehuise........... 21
(iv) Die eerste beursregulasies............ 24
3. Samevatting................................. 25

---

HOOFSTUK 11.

SPORADIESE KOSHUISE ONTWIKKEL TOT 'N KOSHUISSTELSEL.

1. Algemene onderwystoestande gedurende die Anglo-Boere-Oorlog en in die tydperk van Kroonkolonie bestuur........................................ 27
a. Die Anglo-Boere-Oorlog....................... 27
b. Na die oorlog................................ 29
2. Die owerheid roep 'n koshuisstelsel in die lewe. 31
a. Wetgewing om so 'n stelsel moontlik te maak.. 31
b. Beursregulasies.............................. 35
(i) Vir buiteskole........................... 35
(ii) Vir hoërskole........................... 36
3. Soorte van kosinrigtings wat ontstaan het....... 37
a. Suiwer staatsinrigtings...................... 37
b. Koshuise opgerig op inisiatief van plaaslike komitees...................................... 39
4. Inrigtings verbonde aan die C.N.O.-skole........ 40
5. Samevatting..................................... 45

---

HOOFSTUK 111.

DIE EERSTE ONTWIKKELING VAN DIE KOSHUISSTELSEL.

(Dienstermyn van dr. J. E. Adamson - tot 1923.)

1. Die Onderwyswet van 1907.......................... 48
2. Beursregulasies 1909.............................. 49
3. Skoolrade werk in die rigting van sentralisasie 51
4. Reaksie van die owerheid op die versoeke van die skoolrade................................. 56
a. Raad van Onderwys............................. 57

b. Voorsiening van meubels en uitrusting aan koshuise.................................... 58
5. Kerkkoshuise........ ........................... 59
6. Koshuise die enigste middel om sentralisasie 'n sukses te maak; die stelsel van ondersteunde inrigtings openbaar nog sekere gebreke.......... 64
7. Verslag van die Onderwyskommissie, 1920......... 69
8. Regulasies vir hoërskoolkoshuise................ 73
a. Aanstelling en afdanking van huisvader en ander personeellede........................... 74
b. Interne administrasie......................... 74
c. Algemene beginsels by die opstelling van huishoudelike reëls.......................... 75
d. Inspeksies en toesig......................... 75
e. Mediese dienste.............................. 76
f. Losiesgeld.................................. 76
g. Finansieel.................................. 77
9. Wysigings van die regulasies i.v.m. subsidies vir meubels en uitrusting....................... 79
10. Samevatting..................................... 81

---

## HOOFSTUK IV.

## TYDPERK VAN BESTENDIGING VAN DIE KOSHUISSTELSEL. 1924 -- 1940.

1. Beurskommissie.................................. 83
a. Laerskole.................................... 84
(i) Die behoeftigheidsindeks............... 84
(ii) Die aantal leerlinge buite die drie-myl-grens.............................. 84
(iii) Die gemiddelde afstand wat afgelê word deur leerlinge buite hierdie grens................................. 84
(iv) Daar moet vasgestel word tot watter mate konsentrasie (sentralisasie) die

ontmoediging van eenmanskole meegebring het.......... 85

(v) Spesiale omstandighede.......... 85

b. Losiesbeurse .......... 85

c. Hoërskole.......... 87

d. Aanbevelings van die kommissie.......... 88

(i) Vir laerskole.......... 88

(ii) Sekondêre skole.......... 88

(iii) Leningsbeurse.......... 89

e. Beursregulasies wat hierop gevolg het.......... 90

f. Tot welke mate die sentralisasiebeleid en die koshuisstelsel deur die toepassing van die beursregulasies beïnvloed is.......... 93

2. Koshuise onder beheer van plaaslike liggame geniet meer aandag.......... 94

a. Regulasies word opgestel om beter kontrole te verkry.......... 94

b. Leemtes in die regulasies wat die toepassing daarvan bemoeilik het.......... 97

3. 'n Eerste stap in die rigting van 'n provinsiale koshuisstelsel.......... 99

4. Sentralisasie word 'n werklikheid: deurvoering van die beleid bring 'n omwenteling van die koshuisstelsel mee.......... 103

a. Die jare 1929 tot 1935.......... 103

(i) Algemene toestande.......... 103

(ii) Wetenskaplike benadering van koshuisaangeleenthede.......... 105

(iii) Plattelandse onderwys geniet besondere aandag.......... 106

b. Grootskaalse sentralisasie.......... 110

(i) Die nodige masjinerie word in werking gestel.......... 110

(ii) Ontstaan van die provinsiale koshuisstelsel.......... 113

5. Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, 1939 117
a. Sentralisasie.................................... 117
b. Losies........................................... 119
(i) Goedgekeurde Koshuise................ 120
(ii) Provinsiale Koshuise................ 121
c. Beurse........................................... 122
d. Geboue........................................... 126
6. In hoeverre aan die wenke van die kommissie uitvoering gegee is........................ 127
7. Samevatting...................................... 129

---

## H O O F S T U K V.

## DIE PROVINSIALE KOSHUISSTELSEL.

1. Die uitwerking van oorskakeling na die provinsiale koshuisstelsel........................ 132
2. Beursregulasies tans van krag.................. 136
a. Die regulasies.............................. 136
b. Leningsbeursverenigings.................... 137
c. Hoe die beursstelsel in die praktyk toegepas word.................................. 139
(i) Berekening van die beursgeld wat aan 'n bepaalde leerling toegeken word........ 139
(ii) Prosedure nadat 'n beurs toegeken is... 140
3. Die provinsiale koshuis in werking............ 142
a. Algemene organisasie en beheer.............. 142
(i) Onderwysdepartement.................... 142
(ii) Inspeksies.............................. 142
1) Opvoedkundig........................ 142
2) Finansies........................... 144
3) Gesondheidstoestande................ 145
4) Buite-aktiwiteite................... 146
(iii) Hoof en superintendent................. 147
1) Die skoolhoof wat inwoon............ 148
2) Die hoof wat nie inwoon nie......... 148

3) 'n Assistent-onderwyser as superintendent........................ 148
4) 'n Privaat persoon................. 149
(iv) Adviserende koshuiskomitee........... 150
(v) Toesighoudende personeel............. 152
(vi) Huishoudelike personeel.............. 154
b. Finansiële administrasie en voeding......... 158
(i) Besonderhede deur regulasie vasgestel. 158
(ii) Pligte van die superintendent en die sekretaris-penningmeester............ 159
1) Hy kan self in die hoedanigheid optree........................... 159
2) Een van die inwonende personeellede 159
3) 'n Lid van die skoolpersoneel wat nie inwoon nie.................... 160
4) Iemand van buite.................. 160
(iii) Berekening van eenheidskostesyfers en die toepassing daarvan op die finansiële administrasie van koshuise...... 161
(iv) Vooruitbeplanning om uitgawes aan te pas by die inkomste en vasgestelde standaarde van voedingvereistes....... 164
1) Beraming van inkomste............. 164
2) Beplanning van uitgawes........... 165
a. Salarisse en lone.............. 165
b. Eetware........................ 166
3) Beplanning vir gereëlde naweekafwesighede....................... 166
4) Voordele van vooruitbeplanning..... 167
c. Geboue en terreine.............................. 169
(i) Soorte koshuise...................... 169
1) Vir hoërskole en stedelike gebiede. 170
2) Vir laerskole in stedelike en halfstedelike gebiede................. 170

3) Vir skoolplase en gesentraliseerde laerskole........................ 170
(ii) Terreine.............................. 170
(iii) Boukenmerke........................... 171
(iv) Algemene inwendige aanleg............ 172
1) Slaaplokale......................... 172
2) Was- en badkamers.................. 172
3) Woon- en studeerkamers............. 173
4) Proviandering....................... 173
5) Huishoudelike bestuur.............. 174
6) Gesondheid en diensstelsels........ 174
7) Algemeen........................... 175
d. Opvoedkundige aspek van die moderne koshuis. 177
(i) Koshuise en die huis.................. 177
(ii) Dissipline in die skoolkoshuis........ 180
1) Koshuisreëls........................ 180
2) Uitvoering van die reëls............ 181
(iii) Ontwikkeling van 'n „esprit de corps". 183
(iv) Vryetydsbesteding..................... 183
4. Samevatting.................................... 184

---

H O O F S T U K VI.

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS............... 187

---

BYLAES: A. Regulasies van toepassing op die oprigen onderhoud en beheer van Skoolkoshuise 199
B. Formule waarvolgens die Departement die toekenning van beurse bepaal........... 211
C. Provinsiale Koshuisstate............... 213
D. Koshuisopgawes: Vierde Kwartaal 1948... 214
E. Standaard-tipe van plan vir koshuise... 219

BIBLIOGRAFIE.................................... 221

---

## LYS VAN TABELLE.


1. Geldelike Tekorte vir Staatstehuise in die Z.A.R. .......... 19

11. Hulpverlening binne en buite die driemyl-grens .......... 58

111. Totale inskrywing en beursgelde en gemiddelde bedrae wat uitbetaal is uit die beursgeld aan die verskillende groepe: 1910 - 1923 .......... 80

1V. Tabel om aan te toon tot welke mate die bevolkingsdigtheid die verhouding van vervoer tot losiesbeurse beïnvloed het .......... 85

V. Toewysing aan skoolrade vir beurse met inagneming van bevolkingsdigtheid en behoeftigheidsindeks .......... 87

V1. Skole met losiesinrigtings in die vier provinsies .......... 109

V11. Uitbreiding van koshuis-akkommodasie 1934 - 1938 .......... 114

V111. Sentralisasie: 1934 - 1940 .......... 116

1X. Die totale inskrywing, beursgeld en gemiddelde bedrae wat uitbetaal is uit die beursgeld aan die verskillende groepe: 1924 - 1940 .......... 128

X. Maksimum akkommodasie en inskrywing in koshuise: 1939 - 1948 .......... 132

X1. Akkommodasie in departementele koshuise in Johannesburg: 1943 .......... 136


-------- o 0 o --------

## LYS VAN AFKORTINGS WAT IN DIE WERK GEBRUIK WORD.

Alg.............Algemene.
Art.............Artikel.
Adm. Ken........Administrateurs Kennisgewing.
Dept............Departement.
Dir.............Direkteur.
d.d.............gedateer.
E.V.R...........Eerste Volksraad.
Ed..............Education.
ens.............ensovoorts.
Febr............Februarie.
Gesk............Geskiedenis.
ged.............gedateer.
gen.............generaal.
Geref. Kerk.....Gereformeerde Kerk.
Goew. Ken.......Goewerments Kennisgewing.
gemid...........gemiddeld.
Insp............Inspekteur.
Ibid............Dieselfde verwysing soos hierbo.
insk............inskrywing.
i.v.m...........in verband met.
maks. ak........maksimum akkommodasie.
Mnr. en Mej.....Meneer en Mejuffrou.
N. H. Kerk......Nederduits Hervormde Kerk.
N.H. of G.Kerk..Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.
Nom.............Nommer.
Nov.............November.
Oms.............Omsendbrief.
Ond.............Onderwys.
ontw............ontwikkeling.
O.R.C...........Orange River Colony.
Ord.............Ordonnansie.
Prov............Provinsie of Provinsiale.
Prok............Proklamasie.
Pres............President.
Pub.............Public.
Reg.............Regulasies.
Supt............Superintendent.
St. C...........Staatscourant.
Sekr., T.O.D....Sekretaris, Transvaalse Onderwysdepartement.
T.O.............Transvaalse Onderwysersvereniging.
V.V.O.O.Z.A.....Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen van Zuid-Afrika.
V.O.T.M.S.......Vereniging van Onderwysers van Transvaalse Middelbare Skole.
U.R.............Uitvoerende Raad.
Z.A.R...........Zuid Afrikaanse Republiek.

# I N L E I D I N G.

## 1. Bepaling van die onderwerp.

In 'n uitgestrekte en terselfdertyd dunbevolkte land het dit reeds vroeg in ons onderwysgeskiedenis duidelik geblyk dat die beleid om die skool na die kind te bring nie altyd prakties uitvoerbaar was nie. Reeds in die Zuid-Afrikaanse Republiek kon middelbare onderwys slegs op enkele plekke ter beskikking van die kind gestel word, en was dit nodig om te konsentreer op die groter sentra. Om dus aan die kind van die verafgeleë platteland die geleentheid te gee om van hierdie middelbare onderwysfasiliteite gebruik te maak, was kosinrigtings 'n noodsaaklikheid.

Na die Anglo-Boere-Oorlog het die probleem groter afmetings aangeneem. Reeds so vroeg as 1903 is die wenslikheid van sentralisasie of konsentrasie bespreek en is daar voorkeur gegee aan groter skole op die dorpe ten koste van die talle kleiner skooltjies wat oor die platteland versprei was. Dit het meegebring dat selfs aan laerskoolleerlinge dikwels losies verskaf moes word. Alhoewel dit soms geskyn het of daar min aan die uitvoering van hierdie beleid gedoen is, is daar tog af en toe pogings aangewend om dit konsekwent deur te voer totdat sentralisasie in 1936 in alle erns aangepak is met 'n ooreenstemmende uitbreiding in die verskaffing van koshuisfasiliteite.

Met die steeds toenemende aanvraag na middelbare onderwys, deels as gevolg van die verhoging van die ouderdomsgrens vir verpligte skoolbesoek, moes vir 'n groter aantal kinders in kosinrigtings voorsiening gemaak word. Om die uitvoering van die wette in verband met verpligte onderwys moontlik te maak, en om

aan te pas by die steeds wisselende landsekonomie, moes die beursregulasies met die verloop van tyd gewysig word. So kry ons dan in die behandeling van hierdie onderwerp drie aspekte van ons onderwysstelsel wat hand oor hand ontwikkel het: die koshuisstelsel self, die beleid van sentralisasie en die daarstelling van beursregulasies om aan die minder gegoede ouer se kind dieselfde geleenthede tot ontwikkeling te bied.

Al hierdie faktore het meegewerk dat daar vandag ongeveer sestienduisend[1)] van ons skoolgaande kinders 'n groot gedeelte van hulle lewe in koshuise deurbring. Met die geweldige omvang wat die inrigtings aangeneem het, en die belangrike rol wat dit in die meeste van ons plattelandse skole speel - selfs reeds in die geval van baie laerskole - is dit amper onmoontlik om 'n denkbeeld te vorm van hoe ons onderwysstelsel doeltreffend sou kon funksioneer as die koshuise nie daar was nie.

2. Doelstelling van ondersoek.

In hierdie werk word daar gepoog om deur middel van 'n histories-kritiese oorsig 'n beeld te bekom van die ontstaan en ontwikkeling van die koshuisstelsel in die provinsie Transvaal. Dit was noodsaaklik om die geskiedenis van die onderwysstelsel van die Z.A.R. na te gaan om sodoende die agtergrond te kry waarteen die koshuisstelsel ontstaan het.

Verskillende tipes koshuise is daargestel om in 'n dringende behoefte te voorsien, en dikwels is die inisiatief deur kerke of plaaslike organisasies geneem. Hierdie dienste wat aan die onderwys gelewer is, word beklemtoon.

Waar 'n koshuis onwillekeurig verbind word aan

---

1) Dir. Verslag 1948, 81.

die voeding van die kind, word die opvoedingswerk wat hier kon en moes gedoen word, dikwels uit die oog verloor. 'n Inrigting moet noodwendig finansieel gesond wees en volgens besigheidsbeginsels bestuur word om te kan bly voortbestaan. Die liggaamlike welsyn van die kind moet die nodige aandag geniet, maar die koshuis as ware opvoedkundige inrigting sal ook onder die soeklig geplaas word. In die laaste hoofstuk word die mees algemene tipe koshuis in Transvaal vandag, naamlik die provinsiale koshuis, meer in besonderhede beklemtoon en benader met betrekking tot administratiewe en finansiële aangeleenthede, versorging van kosgangers, kontrole en dissipline. Daar word dan ook getrag om 'n oplossing te vind vir die mees algemene probleme.

3. Metode van navorsing wat in hierdie studie toegepas word.

Die metode is in hoofsaak die historiese, waar die grootste gedeelte van die werk 'n uiteensetting is van die geskiedkundige agtergrond en ontwikkeling van die stelsel. Aangesien daar nog haas geen publikasies oor hierdie onderwerp die lig gesien het nie, moes die skrywer byna uitsluitlik van primêre bronne gebruik maak soos direkteursverslae, verslae van onderwyskommissies, departementele omsendbriewe en pamflette oor sekere spesifieke aspekte en staatskoerante.

Waar die kerkkoshuise in die verlede so 'n belangrike rol gespeel het, was dit ook nodig om die argiewe van ten minste een kerk, waaraan so 'n inrigting verbonde was, na te gaan om vas te stel wat die dryfveer en moeilikhede verbonde aan die oprigting van so 'n koshuis was, en te bepaal wat hulle posisie in vergelyking met suiwer staatsinrigtings was.

Die amptelike orgaan van die Transvaalse Onder-

wysersvereniging, die Christelike Skoolblad, waarin menings van die onderwysers gelug word oor sake rakende die onderwys, het ook bydraes gelewer. Daarin lug onderwysers hul sienswyse oor 'n saak waarin baie van hulle direk of indirek betrokke was, terwyl die menings van ouers gevind word in 'n aantal van ons populêre tydskrifte.

Ontbrekende inligting is bekom van persone met wie private korrespondensie gevoer is en deur persoonlike onderhoude met verskeie departementele amptenare, inspekteurs van onderwys, superintendente van koshuise en ouers.

__________ o O o __________